

# 'N SEUN VIR ADAM EN EVA!

## Van ons Ou Testament redaksie

EDENVERLOREN. – Daar was vanoggend groot opgewondenheid toe die heel eerste mensekind gebore is: 'n fris knapie. Eva het gesê sy naam sal Kain wees, en met groot dankbaarheid bygevoeg: “Ek het 'n man in die wêreld gebring met die hulp van die Here!” Op 'n vraag of sy nog kinders oorweeg, het sy instemmend geantwoord. “Ons het 'n opdrag van God gekry om vrugbaar te wees en te vermeerder, en ons beplan om hierdie keer sy bevele nougeset uit te voer,” het Adam gesê.

Daar is aanvanklik gevrees dat die jong egpaar nie sal kan aanpas by die harde werklikheid van 'n lewe buite Eden nie, maar dit wil tog voorkom of hulle nou hulle voete gevind het. Die verantwoordelikheid wat ouerskap op hulle lê, sal hulle nog meer vasbeslote maak om 'n sukses van hulle taak te maak.

- Lees hiervan in [Gen. 4:1](#).

## EK KAN JOU NIE LOS, SÊ GOD

SAMARIA. – In 'n hartroerende pleidooi het die profeet Hosea gister hier die volk Israel tot inkeer geroep. Hy het begin deur die volk te herinner aan God se liefde vir hulle; hoe Hy hulle deur die eeue gelei en gedra het op sy arms. Tog het die volk die rug op Hom gedraai en geweier om tot inkeer te kom.

Hosea waarsku dat daar swaar tye voorlê omdat God hulle in die hande van hulle vyand sal oorgee. Maar, het hy bygevoeg, dit sal nie die einde van die Godsvolk wees nie, want God sal hulle weer terugbring. Met trane in die oë het hy God se boodskap afgelewer: “Maar hoe kan Ek jou prysgee, Efraim? Hoe kan Ek jou laat vaar, Israel? Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk ...”

Die profeet Hosea het self deur diep waters gegaan met sy eie vrou, Gomer, 'n prostituut wat dikwels aan hom ontrou is. Tog het hy haar elke keer teruggeneem en haar nie verstoot nie. Dit verklaar dalk waarom hy so geroer is deur God se liefde vir sy ontroue volk.

- Lees hieroor in [Hos. 6](#) en [11](#).

## Vrou spring dood vry

### Van ons Nuwe Testament redaksie

JERUSALEM. – 'n Jong vrou het vanoggend hier 'n seker teregstelling vrygespring toe 'n rabbi vir haar in die bres getree het en so voorkom het dat sy gestenig word. Sy is op heter daad betrap waar sy owerspel pleeg, en het 'n gewisse dood deur steniging in die gesig gestaar toe die summiere verhoor 'n verrassende wending geneem het.

Die vrou is deur die skrifgeleerdes en Fariseërs na die jong rabbi Jesus van Nasaret gebring, sodat hy die vonnis wat die Wet van Moses voorskryf, kon oplê. Aanvanklik het hy egter niks gesê nie en gebuk en met sy vinger in die grond geskrywe. Toe hulle egter by hom op 'n uitspraak aandrings, het hy met hierdie verbysterende uitspraak gekom: “Laat dié een van julle wat 'n skoon gewete het, eerste 'n klip op haar gooi.” Hierop het die beskuldigers een vir een weggeloop, totdat Jesus alleen met die vrou oorgebly het. Daarop het hy die vrou weggestuur met die woorde: “Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie.”

Simon Petrus, een van Jesus se dissipels, het na die gebeure aan ons verteenwoordiger gesê die hele situasie was 'n set om Jesus in diskrediet te bring. As Jesus die vrou laat stenig het soos die Wet van Moses vereis, sou Hy in die moeilikheid by die Romeinse owerheid wees, aangesien doodsvonnisse slegs deur hulle gevel mag word. Het Hy weer gesê hulle moet haar voor die gehate Romeinse owerheid bring, sou Hy in onguns by die volk kom. “Jesus het nie net hulle strik netjies ontwyk nie, Hy het ook aan 'n gevalle vrou 'n tweede kans gegee,” het hy gesê.

- Lees hiervan in [Joh. 8:1-11](#).
-

# Om oor na te dink

Die boek Genesis vertel nie net vir ons die verhaal van die skepping en die sondeval en die gepaardgaande verlies van die Tuin van Eden nie - gelukkig nie! Want Genesis - trouens die hele Bybel - se eintlike fokuspunt bly nie hier op aarde, by ons en ons tekortkominge nie. Nee, die Bybel wil ons oë optrek na Bo, om God se groot liefde en genade vir ons raak te sien, 'n liefde groter as ons sonde, 'n genade veel wyer as ons ontrouheid. Daarom los God nie vir Adam en Eva in hulle ellende nie, maar (ontdek hulle tot hulle verbasing) bly Hy met hulle besig, skenk Hy hulle die wonder om ouers te word. Daarom los Hy nie die Israëliete nie, soos Hy by monde van Hosea so aangrypend verklaar. Daarom los Hy nie die wêreld nie, maar gee Hy sy Seun, "sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê" ([Joh. 3:16](#)). Daarom haal Jesus nie sy skouers op as 'n vrou wat in sonde geval het, deur die owerhede tereggestel wil word nie.

God sal jou en my ook nie uitlos nie. Al het ons, soos Adam en Eva, alle rede om dit te verwag. Gló dit vandag. Dit is die evangelie.